

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 29 Nov 2017
Page: 11

AVE: 31023.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# Tuks wen 3 medaljes in Kameroen




**Wilhelm de Swardt**

Drie uit drie is wat Tuks se judoka die afgelope naweek op die Afrika Ope-byeenkoms in Yaoundé, Kameroen, vermag het.

DJ le Grange het 'n goue medalje gewen, terwyl Michaela Whitebooi en Unelle Snyman albei silwermedaljes gewen het.

Le Grange skryf Tuks se sukses aan hul afrigter, Nikola Filipov, toe.

"Hy is een van die mees passievolle afrigters wat ek ken. Die aand voor ons gevegte het Nikola tot in die vroeë oggendure op die internet deurgebring om soveel moontlik inligting oor ons teenstanders in te win. Die kennis het ons beslis bevoordeel en gehelp om die regte ding op die regte tyd te doen. Ná ons gevegte het Nikola sy hotelkamer se deur toegetrek. Ons het hom eers die volgende oggend weer gesien. Ek dink hy was net so moeg."

Le Grange het al vier sy gevegte met 'n ippon gewen, maar daar was drama. In sy tweede geveg het hy Etoga Nama (Kameroen) met 'n armgreep op die mat vasgepen. Gewoonlik as 'n judoka voel hy gaan nie loskom nie, klap hy op die mat om aan te dui hy gee oor. Nama wou nie bes gee nie. Dit het Le Grange geen ander keuse gelaat as om 'n bietjie harder te druk om oorgawe te probeer verseker nie. Ongelukkig het die ekstra krag daartoe gelei dat hy sy teenstander se arm gebreek het.

"Ek voel baie sleg hieroor. Dit is beslis nie hoe ek wou hê die geveg moet eindig nie. Ek het agterna groot om verskoning gevra."

Le Grange se teenstander in die eindronde was Siyabulela Mubulu van Suid-Afrika. Volgens Le Grange kan dit dalk die eerste keer wees dat twee Suid-Afrikaners in die eindronde van 'n internasionale toernooi teen mekaar te staan kom.

"Siyabulela het my beslis vir die sege laat sweet. Ek is baie tevrede met my vertoning, veral in die lig daarvan dat dit die eerste keer was dat ek in die o.66 kg-gewigsafdeling deelgeneem het."

Le Grange raak amper meer opgewonde oor Whitebooi se vertoning in die o.48 kg-gewigsafdeling.

"Ons almal in Suid-Afrika weet al lank dat sy een van die beste vroue-judokas is, maar sy het nog altyd in haar vermoëns getwyfel wanneer sy internasionaal deelneem en dit het haar gekelder. Dié keer was dit 'n ander saak. Michaela was van haar eerste geveg koel en beredeneerd. Sy het Aziza Chakir (Marokko) geklop wat op die onlangse Afrika-byeenkoms 'n bronsmedalje gewen het. Michaela het in die eindronde teen Argentinië se Keisy Perafan verloor."

Whitebooi het agterna gesê sy is baie dankbaar vir prof. Niek Grové wat dit vir haar moontlik gemaak het om aan die toernooi deel te neem.

Snyman was terselfdertyd opgewonde en teleurgesteld oor haar vertoning.

"Dit is die eerste keer dat ek 'n medalje op 'n senior internasionale byeenkoms wen. So, ek moet seker nie kla nie, maar ek kon die eindronde gewen het as ek kopgehou het. Ek was goed voor op punte tot sowat 30 sekondes van die einde van die geveg. Toe verloor ek effens kop. Ek wou nog punte aanteken.

"Ongelukkig het my oorgretigheid my duur te staan gekom."

Lucia Cantero (Argentinië) het die o.78 kg-gewigsafdeling gewen.




This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.